

**LIZZY SE HALSNOER**

**Karakters:**

Pappegaai - Salomo.

Hairy - Lizzy.

Donkie - Donkie

**Lizzy:** Hallo kinders! Hoe gaan dit met julle? Ek is bly dit gaan goed met julle, want met my gaan dit nie so goed nie. Ek het vanoggend my mooiste halssnoer verloor. Dit was my ouma s'n en dis my kosbaarste besitting. Sal julle my asb gou help soek? Kyk daar onder julle stoele of julle iets sien.

**Donkie:** Hallo Lizzy. Gaan dit so goed met jou as met my?

**Lizzy:** Hallo Donkie

**Donkie:** *(sien Lizzy lyk hartseer)* Haai, wat makeer?  
Dit lyk of die honde jou kos afgevat het.

**Lizzy:** Ek het my halssnoer verloor.

**Donkie:** Halssnoer? Wat vir 'n ding is 'n halssnoer?

**Lizzy:** Juweliersware, wat ek om my nek hang. As ek dit om het, lyk ek sommer baie mooi en dit pas so mooi by my kerkrok.

**Donkie:** O ja, nou onthou ek! Het jy nie gesê jou ouma het dit nog vir jou gegee nie?

**Lizzy:** Ja, dis 'n erfstuk. En nou's dit weg!

**Donkie:** Maar Lizzy, wanneer laas het jy dit omgehad?

**Lizzy:** Gisteraand. Voor ek bed toe is het ek dit omgesit om net vinnig te sien hoe mooi dit is. Ek onthou ek het nog so voor die spieël gestaan en gedink, dis die mooiste halssnoer in die hele wêreld.

**Donkie:** En toe? Kan jy onthou dat jy dit afgehaal het?

**Lizzy:** Nee, al wat ek onthou is dat my pa my geroep het om buite na die sterretjies te gaan kyk. En ek weet toe ek gaan slaap het, het ek dit nie meer omgehad het nie.

**Donkie:** Lizzy, maar dan moes jy dit mos buite verloor het.

**Lizzy:** Ek dink jy is reg donkie! Ek gaan kyk sommer nou dadelik of ek dit daar kry!  
(Af)

**Donkie:** *(Sing)* "As ek soek (x2), in duister tas, da da da...."

**Salomo:** En nou donkie, waarna soek jy?

**Donkie:** Hallo Salomo. Ek soek na Lizzy se halssnoer. Sy't dit verloor en nou help ek haar soek.

**Salomo:** Lizzy se halssnoer. Daardie pragtige blink halssnoer met die fyn edelstene. Het jy geweet daardie halssnoer is al vir eeue lank in haar familie? Dis 'n absolute pragstuk wat haar oupa se oupagrootjie vir sy vrou as trouband gekoop het

**Donkie:** Nee, maar wil jy my nie liever help soek as om so te sit en klets nie.

**Salomo:** Ek klets nie. Ek komunikeer. Dis benede my om te klets.

**Donkie:** Komunikeer? Jy babbel in sulke hogere taal dat niemand jou kan verstaan nie. Maar los dit nou maar... Lizzy is seker al in trane oor daai halssnoer.

**Salomo:** Nou goed. Laat ek dan maar help soek.  
*(Hulle soek)*  
Donkie, is jy seker Lizzy het haar halssnoer hier op die verhoog verloor?  
Ek sien dan niks.

**Donkie:** Nee, sy't dit nie op die verhoog verloor nie, sy't dit buite verloor.

**Salomo:** Buite? Maar hoekom soek ons dan hier binne?

**Donkie:** Want, dis te warm buite!

**Lizzy:** Hallo Salomo. Het jy gehoor dat my kosbare halssnoer weg is?

**Salomo:** Ja Lizzy, ek het by Donkie van jou verlies verneem...

**Donkie:** Verlies verneem... Nee kyk ek is bly ek praat nie so "hoogdawerend" nie.

**Salomo:** Hoogdawerend. Mooi so Donkie, ek dink jy het so pas.

**Donkie:** Gits Frits ek gaan soek liever buite, want lyk my Salomo se manier van praat is aansteeklik. *(Af)*

**Salomo:** Weet jy Lizzy, hierdie gesoek en geskarrel om jou halssnoer te vind, herinner my aan 'n gelykenis wat Jesus vertel het.

**Lizzy:** Regtig? Maar wat is 'n gelykenis?

**Salomo:** Dis 'n storie. 'n Storie wat Jesus vertel het as Hy mense iets wou leer.

**Lizzy:** En het Jesus 'n storie oor my halssnoer vertel?

**Salomo:** Nee Lizzy, nie jou halssnoer nie, maar oor 'n vrou wat 'n goue muntstuk verloor het.

**Lizzy:** En toe, wat het sy toe gedoen?

**Salomo:** Sy't haar hele huis omgekeer om dit te soek. Sy het nie gerus totdat sy dit gekry het nie

**Lizzy:** Dis presies hoe ek ook voel. Ek sal nie kan rus tot ek daai halssnoer kry nie.

**Salomo:** Ja en toe sy dit kry was sy sommer baie bly. So bly dat sy haar vriendinne genooi het om by haar te kom eet, sodat hulle in haar vreugde kon deel.

**Lizzy:** So, sy het toe die muntstuk gekry?

**Salomo:** Ja, sy het gesoek tot sy dit gekry het.

**Lizzy:** En watter les wou Jesus met die storie vir die mense leer?

**Salomo:** Jesus wou die mense laat begryp hoe belangrik mense vir hom is.

**Lizzy:** Nee, nou verstaan ek nie mooi nie.

**Salomo:** Net soos die vrou se muntstuk weg was...

**Lizzy:** En my halssnoer.

**Salomo:** Ja, en jou halssnoer. So het God baie mense in die wêreld wat weggeraak het.

**Lizzy:** Mense wat stout was of nie van Hom weet nie?

**Salomo:** Ja, mense wat nie vir God ken nie en daarom verlore is. Maar God is vir hulle ook lief, want hulle is vir hom kosbaar.

**Lizzy:** En daarom sal God hulle soek tot Hy hulle kry?

**Salomo:** Presies. En God wil ons gebruik om Hom te help om na die verlore mense te soek.

**Lizzy:** O Salamo, ek wil ook help soek.

**Donkie:** Lizzy! Lizzy! Ek het jou halssnoer gekry! Kyk! Dit was buite op die gras.

**Lizzy:** O dankie tog! Jippie! Ek is so bly. Dankie donkie, baie dankie! (Soen hom)

**Donkie:** Dis 'n plesier. 'n Groot plesier.

**Lizzy:** Maar kom, ons beter weg wees.

**Donkie:** Hoekom?

**Lizzy:** Ons moet God se verlore kinders gaan help soek.

*(Almal af)*